

10 Februarie

Job 42:1-6

(Teks: 42:5)

Job se geduld

Ons weet van geduldige Job. Job op die ashoop. Met sy hele lewe aan skerwe. En as 'n mens deur die worsteling van Job lees, dink 'n mens Job het dalk genoeg gehad om oor te tob. Alles is haas van hom weggeneem. Miskien daarom dat 'n mens Job maklik kan gaan lees as handboek oor lyding. Omdat geduldige Job dalk antwoorde kan bied op my vrae: Waarom moet ek swaarkry verduur? Wat is die sin van lyding? En dan word Job die held, die lyer wat so inbeur teen alles wat hom wil onderkry..

Aan die einde van sy gestoei met God kry hy 'n antwoord - nie antwoord op sy baie vrae nie!

Job sit hand op die mond. Hy het niks te sê nie. Want "*tot nou toe* het ek net gehoor wat die mense van U sê; *maar nou* het ek U self gesien". In sy eie woorde is dit die antwoord. Voorheen het hy "tweedehandse" verhouding met God gehad, nou het hy 'n direkte, persoonlike verhouding met God. Deur sy swaarkry het hy vir die eerste keer God vol in die oog gekry! Hy deel sy lewe in twee: *toe* en *nou*. Voorheen het hy alles geweet wat hy moes weet, maar nou lééf hy daarvan. Hy wéét sy (Ver)Lossers leef! "My swaarkry bring my naby aan God". Dit sou in my eie woorde Job se antwoord kon wees. Daarom is ek klaar met 'n hoorsê-verhouding.

Dis nou tyd vir allerintiemste kontak met God.

Sing Psalm 42:3

Ds. J.L. Myburg (Oos-Londen)